

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
13 Augustus 1978

Onderwerp: Sing te midde van beproewing

Lees: Psalm 146
Handelinge 16 verse 25 tot 29

Teks: Handelinge 16 verse 25 tot 29

Sing: Psalm 147 verse 1 en 4
Gesang 128 vers 6

“Broers en Susters, die grootste wonder van ons teksgedeelte was nie die oopspring van die gevangenis se deure nie. Dit was eerder dat hierdie twee manne, Paulus en Silas, in staat was om lofliedere te sing, terwyl hulle feitlik halfdood geslaan en vasgeketting in die vuil tronk van Filippi gesit het.

“Om lofpsalms te kan sing, is nie ’n vanselfsprekende saak nie. Daartoe is ’n mens nie sommer in staat nie. Dit is ’n Goddelike kuns wat jy alleen op God se manier leer. Paulus en Silas het daardie kuns verstaan. En die vraag waarby ons vanmôre wil stil staan, is waar en hoe het Paulus en Silas dit geleer?

“Ons teks verklaar die geheim kort en kragtig: ‘En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid’. (Hand 16:25)

“Broers en Susters, let op dat hulle eers gebid en toe gesing het. Hulle kon lofprysing sing omdat hulle gebid het. Die geheim van hulle lied het in hulle gebed gelê. Hulle lofsange het gespruit uit hulle gebed. Dit is die hele geheim. Hulle kon sing omdat hulle kon bid. Dit is al!

“En wat sê ons nou daaroor? Wel, ons sal seker saamstem dat dit pragtig was, dit wil sê pragtig vir hulle. Maar vir ons sê dit tog nie so baie nie. Ons nugtere en in baie gevalle ontnugterde moderne mense verstaan nie meer so goed wat dit beteken om te bid en te kan bid nie. U sal nogal verbaas wees om te weet wie almal van ons hier dit moeilik vind om te bid.

“So, hoe doen ’n mens dit? Hoe bid ’n mens soos Paulus en Silas daar in die tronk gebid het? Hoe bid ’n mens dat jy as gevolg daarvan lofpsalms moet sing?

“Om die waarheid te sê, dit is glad nie so maklik om dit te verduidelik nie. Dit is makliker om te sê wat dit nie is nie.

“Paulus en Silas se gebed was nie ’n hoogdrawende gebed nie. Hulle gebed was ook nie ’n kerk gesanksioneerde formuliergebed nie. Nee, Broers en Susters, hierdie manne se gebed daar in die gevangenis was iets anders. Dit was intenser as ’n gewoonte gebed. Dit was persoonliker as ’n formuliergebed. Dit was ’n gebed waarby hulle met hulle hele bestaan, liggaam en siel betrokke was.

“So ’n gebed kan nie koud en koel geanaliseer, of teoreties beskryf word nie. Só ’n gebed kan jy alleen maar sêlf bid, alleen maar sêlf ondervind en beoefen. Só ’n gebed was Paulus en Silas se gebed.

“Broers en Susters, hierdie gebed van Paulus en Silas moes ’n indringende smeking om die nabyheid van God gewees het. Soos ’n kind wat in die donker roep en soek na die groot en sterk hand van sy vader. En die Vader moes onmiddelik hulle gebed gehoor het en hulle van sy nabyheid bewus gemaak het. Dit is wat hulle harte gerusgestel, bly gemaak en laat sing het. Dit was ’n heilige en heerlike ontmoeting met God. Só heerlik dat hulle meteens daarvan moes sing, selfs onder daardie omstandighede.

“Hierdie gebedsontmoeting met God was ’n ryk geloofservaring vir hierdie manne. Weet u hoekom? Omdat hulle plotseling ontdek het dat hulle entoesiastiese preke, dat Jesus Christus lewe en altyd naby is, regtig waar was. Ja, dit kan nogal ’n verrassing vir die predikant self wees, as God hom laat ervaar dat die boodskap wat hy aan mense verkondig, waar is.

“Só ’n ontdekking het Paulus en Silas in die gevangenis gemaak. In hulle stikdonker ellende het hulle plotseling ondervind dat Christus Jesus werklik sy beloftes hou: ‘En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.’ (Matt 28:20) Hierdie manne het ontdek dat die Here altyd daar was om hulle te beskerm.

“God en Jesus Christus is ook daar in daardie lange, bange, dikwels eensame en benoude nagte; daardie donker nagte waarin al ons sorg, angste en bekommernisse altyd veel groter en skrikwekkender lyk as wat hulle die volgende oggend in die helder daglig in werklikheid is.

“Ja, onse Hemelse Vader is ononderbroke beskikbaar, dag en nag, vir almal wat sy raad, hulp, nabyheid, vertroosting, versterking en vergewing

nodig het. Dit was hierdie twee manne se ontdekking. En op só'n ontdekking moes daar gesing word. En dit is wat hulle gedoen het.

“Silas het nie gesê nie: Nee, Paulus, wag eers. 'n Mens kan darem nie op so 'n snaakse plek en op so 'n ongeleë tyd psalms sing nie. Kom ons wag eers tot ons weer veilig uit die tronk is en ons weer ordentlik saam met die gemeente op 'n Sondagmôre kan opgaan na die tempel. Daar kan ons dan dank en lofpsalms sing. Dit is tog maar eintlik die enigste plek waar dit gedoen behoort te word, nie waar nie Paulus?

“Sou die meeste van ons nie ook só daaroor gevoel het nie? Lofliedere tot eer van God kan jy net sing met die dak van die kerk oor jou kop en op geen ander plek of geleentheid nie. Dit is dan geen wonder dat ons deurgaans sulke swak singers is nie. Met een of twee psalms op 'n Sondag kan 'n mens nooit behoorlik leer om lofliedere tot eer van God te sing nie.

“Maar Broers en Susters, ons moet nog 'n slag probeer om die situasie waarin Paulus en Silas hulle bevind het, te verstaan. Hoe het dit daardie nag daaraan toegegaan? Daar was pyn en ellende, bebloede rûens, maar hierdie manne het gesing. En nadat hulle begin het, het hulle seker al harder gesing. En so het in daardie nag die skoonste psalms teen die kaal klipmure van die tronksel weerklink. Dalk het dit begin met:

“Die Heer is my tot hulp en sterkte

“Hy is my lied, my psalmgesang

“Hy was dit wat my heil bewerk het

“So loof ek Hom my lewe lank.’

“Dit is dalk voorgesit met:

“‘k sal met my ganse hart, o Heer

“U loof en eer, U hooglied huldig.’

“En dit het dalk sy hoogtepunt bereik in Psalm 18:

“‘Ek het U hartlik lief, o Heer!

“U is my sterkte en teëweer.

“Die HEER 's my rots, my vesting sterk,

“my redder wat my heil bewerk,

“my rots wanneer die stormwind huil,

“my skild, die weerkrag van my heil,

“my vesting op die bergkrans steil,

“by wie ek vas en veilig skuil.’

“Só het hulle gesing. En só kon hulle sing omdat hulle die vertroostende en versterkende nabyheid van God in hulle gebed ervaar het. Daardie ondervinding het, veral by Paulus, 'n diepe indruk gelaat. Hy moes sekerlik weer aan daardie nag gedink het, toe hy lank

daarna sy brief aan die Romeine geskryf het: 'Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge, of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.' (Rom 8:33-39)

"As Paulus en Silas nou hier by ons kon wees, sou hulle sekerlik spontaan opgespring en met stralende oë uitgeroep het: Dit is só gemeente. Só het ons dit regtig ondervind.

"En nou ten slotte, wat van ons? Wat is ons reaksie op hierdie verhaal, op só 'n getuienis? Vind ons dit maar net mooi, maar voel dat dit tog eintlik nie meer vir ons tyd bedoel is nie. Dit was toe. Ja, God het destyds soveel spesiale moeite met sy Apostels gedoen, omdat hulle die fondament van die Kerk moes lê. Maar Hy doen nou nie meer soveel moeite met ons nie. Ons moet maar op ons eie aansukkel. Hy is nie meer van plan om vandag van ons ook sulke singers te maak nie.

"Broers en Susters, hierdie lofsange word inderdaad nie meer dikwels gehoor nie. Die ware lofsang wat die aandag van die wêreld kan trek en die gemeente kan besiel, is inderdaad skaars.

"Maar is die Here die oorsaak daarvan? Wil Hy en kan Hy ons nie weer opregte vreugdepsalms laat sing nie? Wil Hy ons nie deur sy nabyheid weer daartoe besiel nie?

"Lê die fout dalk by ons? Is dit dalk só dat ons God nie graag so naby aan ons wil hê nie? Dat ons nie kan bid nie, omdat ons eintlik nie wil bid nie? Omdat ons nie dinge wil laat opruim tussen ons en die Vader nie? En dit, moet ons onthou, is juis meestal dié dinge wat tussen ons en ons medemens staan. Die Bybel sê dit duidelik. Jy sal nooit vrede met God hê, as jy nie ook vrede met jou naaste gemaak het nie. Lê die oorsaak dat ons God se verblydende teenwoordigheid nooit ondervind nie, nie dalk hier nie? Ons hou God

vreesagtig op 'n afstand sodat Hy nie die geraamtes in ons kas ontdek nie. In plaas daarvan dat ons vir Hom die deure van ons sondige en verkeerde verlede oopgooi, sodat Hy daar sy skoonmaakwerk en opruimingswerk kan verrig.

“Geen wonder dat ons nie kan sing nie. Ons het niks om oor te sing nie. Daar is geen lied in só 'n hart nie. Daar kan ook nie een wees nie, want daar is te veel ander dinge wat ons mond en ons hart snoer. Daar is geen plek vir Hom wat ons kan laat sing nie.

“Ons sal weer soos Paulus en Silas moet leer bid, as ons wil leer sing. Ons sal moet leer bid om God se nabyheid. Bid vir God se heilige maar ook sy oneindige vertroostende nabyheid, sy nabyheid wat die sonde uitdryf maar die sondaar omhels, verwelkom en hom laat sing.

“Iemand het gesê dat om te bid is om met jou volle gewig op God te leun. Dit is wat ons moet doen. Ons moet ons laste vir God gee: die gewig van ons sonde, verdriet, teleurstellings, gestorwe ideale, ons komplekse en angste, die gewig van alles. Ons moet dit in God se hand plaas.

“Dan sal ons tot die verrassende ontdekking kom dat Hy reeds lankal die volle las van ons lewe gedra het. Hy dra dit volkome in Jesus Christus.

“As ons daardie ontdekking van bevryding gemaak het, dan moet ons sing. Dan kan ons nie stilbly nie. Dan kom daar 'n lied in ons lewens, 'n lied wat altyd en orals en onder alle omstandighede, beide in lewe en sterwe, bly weerklink:

“‘Jesus U versoenend sterwe

“‘bly die ruspunt van my hart.’

“Loof die Naam van onse Here Jesus Christus in wie God vir ewig naby ons gekom het.

“Amen.”